

KKNK 2017: WELKOM BY KLIK



Wat is Klikek?

Die doel van Klikek is om te verseker dat lede altyd eerste is. Kies jou slaapplek eerste, hoor die nuus eerste, sien die program eerste en sit in die voorste ry. Dit is maar 'n paar van die redes waarom Klikek 'n móét vir KKNK-liefhebbers is. Sluit nou aan en maak jou feesbesoek sorgvry en gerieflik.

Hoeveel is die ledegeld?

Ledegeld beloop **R250 per jaar** en bied die volgende voordele:

- **Eerste keuse van verblyf:** Hoe klink twee weke se eksklusiewe verblyfbesprekings? Met Klikek kies jy jou huis, woonstel, kamer of staanplek eerste deur die KKNK se Verblyfkantoor.
- **Sien die program eerste:** Lede ontvang die feesprogram voordat dit bekendgestel is. Jy kry só genoeg tyd om te beplan wat jou moet sien produksies is, voordat ander feesgangers begin beplan.
- **Eerste by Computicket:** As Klikeker kan jy vir 'n maand eksklusief kaartjies koop. Is sitplek A10 in die middel van die voorste ry volgens jou die beste een? Bespreek dit dan vir jou in elke venue.
- **Gratis Feesgids:** Kry ons glanstydskrif gratis by aankoms op Oudtshoorn, óf laai hom eerste van ons webblad af.
- **Pendeldiens:** Moeg gestap tussen die Rivierbuurt en die venues? Gebruik jou gratis pendeldiensritte en word gechauffeer tussen punt A en punt B én terug na punt A.
- **Jou eie parkeerterrein:** Maak gebruik van die eksklusiewe Klikek-parkeerterrein, gerieflik geleë naby die feeskern. Onthou, van hier kan jy van die pendeldiens gebruik maak.
- **Hoor eerste:** Hoor die jongste feesnuus voordat dit bekendgemaak word. Ons hou jou op hoogte en stuur programveranderings per SMS of e-pos aan.

Hoe sluit ek aan?

1. Stuur die voltooide vorm na ons by klikek@kunste.org.za of faks na 044 272 7773.
2. Betaal jou R250 ledegeld in by: **Absa, Klikek, Spaarrekening, Takkode: 632005, Rekeningnommer: 916 380 7605.** Gebruik jou naam en van as verwysing.
3. Het jy enige verdere navrae? Kontak gerus vir Daleen Witbooi by 044 203 8600 of klikek@kunste.org.za.

Klikek Aansoekvorm 2017			
Naam		Van	
Noemnaam		ID-nommer	
Posadres			
Dorp/Stad		Poskode	
Woonadres			
Dorp/Stad		Poskode	
Tel (h)		Tel (w)	
Selfoon		Faks	
E-pos			
Beroep			
Datum		Geteken te	
Handtekening			
Ek verklaar hiermee dat die bogenoemde inligting korrek is en dat my ledegeld betaal is. Stuur dié voltooide vorm na klikek@kunste.org.za of per faks na 044 272 7773.			